VORM & VOLG

# BYMEKAARKOMSTE

ERediens | 8 MEI 2022 | JOËL 1: 1-14



## 1 KUIER

- Deel met mekaar die gedagtes wat tans die meeste plek in jou kop en/of hart opneem.
- Kyk na die foto hierbo van "saamwees". Watter gedagtes kom by jou op as jy na hierdie foto kyk?

## 2 STEMMING

- Steek ‘n kers aan as ‘n simbool van die Here se teenwoordigheid.
- Luister na die agtergrond van Joël: "Overview Joel" (Scan die QR kode om na die Youtube skakel te gaan of https://youtu.be/zQLazbgz90c)
- Luister na die die lied: "Prys die Heer" (Scan die QR kode om na die Youtube skakel te gaan of https://youtu.be/8fT8TmX98uU)

*Die Here is my vesting*
*Die Here is my krag*
*Hy's my bron en Hy's my redding*
*Die Een op wie ek wag*
*Die Here is my voorspoed*
*Hy sal vir my voorsien*
*Soos 'n Pa sorg vir sy kinders*
*Gee Hy meer as wat ek ooit sou kon verdien*

# 3 DIALOOG

Joël word ŉ "demanding" boek genoem want in die 73 verse van die boek kry ons nie minder nie as 43 "demands" of opdragte. 3 opdragte vir elke 5 verse. In die Hebreeus is daar ŉ magdom verskillende woorde vir verskillende sprinkane en dit is jammer dat in die Afrikaanse vertaling het die woorde verlore gegaan. Die King James Version praat van: "the locust, the cankerworm, the palmerworm, and the caterpillar".

Die Ou Vertaling: Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind.

Die sprinkane het letterlik alles opgevreet en dan kom die laagtepunt van alles: "Daar het 'n einde gekom aan die vreugde van die mense".
Wat moet ons nou doen?

Joël kom gee vir ons 8 opdragte in 2 verse
1. Trek rouklere aan,
2. treur, priesters!
3. Kerm, julle wat diens doen by die altaar!
4. Dra julle rouklere
5. Bepaal 'n vasdag,
6. roep die gemeente bymekaar,
7. bring al die inwoners van die land na die huis van die Here julle God toe.
8. Roep tot die Here!

Die lewe kan soms baie oorweldigend wees. Soms is goed net te veel, daar is te veel klein dingetjies wat nie reg loop nie. Soms loop een ding verkeerd en het ŉ effek op jou hele lewe.

JEAN VANIER: "A COMMUNITY IS NOT SIMPLY A GROUP OF PEOPLE WHO LIVE TOGETHER AND LOVE EACH OTHER. IT IS A PLACE OF RESURRECTION."

Baie kere is dit jou eie toedoen – willens en wetens doen jy die verkeerde en moet ŉ duur prys betaal. Maar dan is daar so baie kere wat dinge met jou gebeur waarvoor jy glad nie eens gevra het nie.

Die arme Jode kom nou terug uit 50 jaar se ballingskap en hulle probeer nou herbou aan hulle lewens en dan kom hierdie sprinkaanplaag wat letterlik alles vernietig.
Wanneer slegte goed gebeur, kom 'n mens se verstaan van God onder druk.

Joël se hoofbetoog is: Julle mag nie julle koppe in die sand druk en maak asof niks gebeur het nie. Julle mag nie verval in ŉ voorspoed teologie van "name it and claim it" of "believe it and recieve it" nie. Hy kom pleit - wees asb tog net realisties. In plaas van om in tye van nood te sê: "Wat kan ek sê?" vra eerder: "Wat sê God?"

**"IF YOU DONT KNOW WHO TO TURN TO, CONSIDER TO RETURN TO GOD".**

Of pyn of seer geregverdig is of nie – Joël sê – Roep die gemeente bymekaar. Laat julle byeenkomste bymekaarkomste wees.

**ONTHOU ALTYD SEER - ISOLEER.**

Joël sê daar kan selfs 'n "Geseënde gevolg" van swaarkry wees. Swaarkry kan my genees van my selfgenoegsaamheid. Soms kan swaarkry ons help om net weer te begin vra – en God?

Swaarkry kan geseënd wees as ek dit nie probeer weg wens of rasionaliseer of dit ontken nie, maar

*"take a step towards your pain" (Henri Nouwen).*

Joël kom sê: Roep tot God want hy is die God wat minusse deurkruis sodat dit plusse kan word.
Die sprinkane het nie die laaste sê nie. God se kruis en vergifnis het.

**Kleingroepe:**

1. Gesels saam oor hoe julle sinlose lyding verstaan?
2. Probeer onderskei tussen regverdige en onregverdige lyding?
3. Joël gee 'n manier van hoe ons met ons pyn moet omgaan (vgl v 14). Hoe dink julle kan julle kleingroep juis mekaar help met julle eie pyn?
4. Bid saam vir mekaar dat julle kleingroep nie net 'n byeenkoms sal wees nie maar 'n bymekaarkoms.

# 4 GEBED

Draai twee-twee na mekaar en deel, soos wat jy/julle gemaklik voel, watter broosheid jy graag vandag in jou lewe (jou hande) wil herken.

Bid vir mekaar.
Sluit af met 'n gesamentlike gebed.